# Die Byekorf

2017/01/11 Standerton Akademie

01/17

Geagte ouers, baie welkom terug by Standerton Akademie vir 2017. Ons glo en vertrou dat u 'n besondere kerstyd gevier het en dat goedheid en guns u in hierdie jaar sal volg. 'n Besondere woord van welkom aan al ons nuwe ouers, nuwe leerlinge, nuwe onderwyseresse en al ons personeel en leerlinge. Aan ons nuwe ouers wil ons die versekering gee dat u kind in goeie hande is by hierdie skool. U sal binnekort gekontak word met die onderskeie funksies en projekte wat ons skool loods. U betrokkenheid by ons skool word hoog op prys gestel.



**Paul-Pieter en Nadia verwelkom al die leerlinge aan die begin van die jaar.**

**Graad 1 leerlinge**

Welkom aan al ons Graad 1 leerlinge met hul eerste dag by die grootskool. Ouers, skakel gerus met my of mev. Swanepoel indien u enige navrae het. U sal merk dat ons Graad 1's vanaf dag 1 reeds hard aan die akademie begin werk.
Sterkte vir die ouers.



**Nuwe onderwysers**

Baie welkom aan ons nuwe 5 jarige juffrou, Marista van der Merwe, asook die nuwe Graad 3 juffrou, Sumari Diedericks. Ons weet sommer dat julle dit baie gaan geniet saam met die Standerton Akademie familie.

## Ken-mekaar-aand: 2 Februarie 2017

Ouers u word uitgenooi na ons eerste amptelike ken-mekaar-aand wat in die vorm van 'n braai en 'n oueraand aangebied word. U sal tydens hierdie aand die geleentheid kry om die onderskeie onderwysers in die klasse te besoek en die klasreëls en u kind se aanpassing in die nuwe jaar te bespreek waarna ons as skool gesellig by die skool gaan verkeer.
Hierdie inligting sal u spoedig bereik.



**Hannes en Carel Els kan nie wag vir die nuwe skool om te begin nie.**

**Atletiek**

Neem weer kennis dat ons jaarlikse atletiek Interhuisbyeenkoms plaasvind op 21 Januarie en die streeksbyeenkoms op 28 Januarie te Hoërskool Vaalrivier se sportterrein. Ouers u ontvang môre 'n vorm van beamptes en werkers wat benodig word by die onderskeie kosstalletjies. Hierdie brief moet nie later as Vrydag, 13 Januarie, by Daleen ingehandig word nie.

**Skooltye**

Ouers, neem kennis van die skooltye:

| | |
|---|---|
| Kleuterskool: | 08:00 – 12:30 |
| Laerskool: | Maandag tot Donderdag 07:30 – 14:00 |
| | Vrydag: 07:30 – 13:00 |



**Jaco van der Merwe sukkel maar om afskeid te neem van klein Jandré..**

**Nasorgsentrum**

Alle ouers wie hul kinders vanjaar by die nasorgsentrum wil inskryf moet hulle name môre by Daleen Podges inhandig. Hierdie diens sal verskaf word teen R300 per kind per maand.

**Redenaars**

4 Mei 2017 Interne redenaars (Standerton Akademie)

27 Mei 2017 Streeksredenaars te Standerton Akademie

**Temas:**

- As die vlooi byt, moet jy krap
- Die regte hoed opsit
- Groen
- Lekkergoed
- Padtekens
- Paplepel
- Skoene
- Tys
- Woestyn



'n Trotse oumagrootjie vergesel Ruan van Deventer vir sy eerste skooldag.

**Toetsrooster**

Toetsreeks vir die Graad 4 – 7 leerlinge begin op 25 Januarie. Die rooster is as volg:

| | |
|---|---|
| 25 Januarie | Afrikaans |
| 1 Februarie | Engels |
| 8 Februarie | Geskiedenis |
| 15 Februarie | Wetenskap |
| 22 Februarie | L.O. en Kuns en Kultuur |
| 1 Maart | E.B.W. |
| 8 Maart | Geografie |
| 15 Maart | Tegnologie |
| 22 Maart | Wiskunde |



Weet nie hoekom huil my ma om my alleen hier te los nie...

Wonder Liam

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 11 Januarie tot 17 Januarie verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 11 Januarie : Willie Booysen<br>14 Januarie : Danje Pretorius<br>15 Januarie : Christiaan Nichols | 12 Januarie : Maureen Pretorius<br>15 Januarie : David van der Linde<br>15 Januarie : Jabbies Lötz<br>15 Januarie : Melanie Hattingh<br>16 Januarie : Suzelle Kemp |



Willie en Bernice werk hard om die jaar deur te kom.

Thinus, Elzé en André kan nie wag dat ma en pa huis toe gaan nie!



**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 21 Januarie | Interhuis atletiek te Vaalrivier Hoërskool |
| 25 Januarie | Toetsreeks begin (Gr. 4 – 7) |
| 28 Januarie | Streeksbyeenkoms Atletiek te Vaalrivier Hoërskool |
| 2 Februarie | Ken-mekaar-aand |
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te Groblersdal |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |



**Marilize en Daleen is vol energie so aan die begin van die jaar.**

GROETE

S. Swanepoel